Josua, die nuwe leier

Commercial television is for profits not prophets – Os Guinness

Josua, die nuwe leier

In Josua 1:6 – 9 kry ons seker die grootste motiveringspraatjie in die Bybel. Moses het pas gesterf en nou word sy opvolger geroep om Israel in die beloofde land in te lei. Hierdie was ‘n militêre optrede wat duidelik risiko’s sou inhou. Daar was ‘n sterk vyandige weermag wat Josua sou ontstel het. Daarom bemoedig God hom.

Wat sou gebeur het as Josua hierdie opdrag geïgnoreer het? Waarskynlik sou Israel lewenslank in die woestyn rondgeswerf het. Maar Josu was ‘n man van geloof en moed. Hy aanvaar God se opdrag

Soos Josua kom ons ook elke dag voor probleme, wat ons geloof tot breekpunt beproef, te staan. Dit is juis dan wanneer God ons geloof slyp. As ons weier om Hom in moeilike omstandighede te volg, kan die gevolge vir ons geestelike groei rampspoedig wees. Wat is hierdie gevolge?

- Jy sal nooit die persoon word wat God wil hê jy moet wees, word nie.
- Jy beperk jou bruikbaarheid vir God.
- Jy lewe ‘n lewe van ongehoorsaamheid.
- Jy word deur vrees eerder as geloof beheer.
- Jy kan jou beloning in die hemel en jou seëninge op

aarde verloor.

Weier jy op een of ander manier God se roeping? God is betroubaar. Wat ook al sy aksieplan vir jou is, kan jy verseker weet dat Hy jou veilig daardeur sal lei.